Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 05 Dec 2017
Page: 19

AVE: 4578.90
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Tyd raak min vir SA atlete om te kwalifiseer

Nie een van die atlete wat die afgelope naweek by Tuks in aksie was, kon daarin slaag om die kwalifiserende vereistes vir aanstaande jaar se Statebondspele by die Goudkus in Australië te haal nie.

Sunette Viljoen, wat vanjaar se Wêreldkampioenskap weens 'n besering misgeloop het, het haar terugkeer gemaak met 'n afstand van 60.84 m.

Aleck Skhosana, president van Atletiek Suid-Afrika (ASA), het vroeër aangedui dat ASA 'n span wil inskryf op grond van die atlete se Statebond-ranglysplekke, met diegene wat hulself in die top-10 in hul items bevind, wat waarskynlik in die finale span ingesluit sal word.

Daar is nog net twee byeenkomste oor – op 9 Desember (Parow) en op 15 Desember (Kaapstad) – voor ASA se afsnydatum op 31 Desember. – **Wim Pretorius**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.